

Faktore wat studente motiveer om by 'n Afrikaanse privaat hoërondewysinstansie te studeer

Die strawwe kompetisie in Suid Afrikaanse hoër onderwys (HO) beteken dat bemarkers moet fokus op die student as verbruiker, en op die faktore wat vir studente belangrik is wanneer hulle 'n hoër onderwysinstansie (HOI) kies. Daar is ook ander faktore wat hoër onderwys raak, naamlik; meer toeganklikheid vir studente, veranderinge aan befondsing deur die regering en die debat rondom Afrikaans as onderrigtaal in HO. Hierdie faktore het 'n geleentheid geskep vir privaat HOIs soos Akademia, 'n Afrikaanse privaat HOI, om 'n leemte in nismarkte te vul.

Hierdie studie poog om die besluitnemingsproses van studente by Akademia te verstaan met behulp van Kotler se vyf-fase besluitnemingsmodel. Ek het data verkry deur middel van elektroniese vraelyste aan 132 eerstejaarstudente; daarna het ek telefoniese onderhoude met sewe van die studente gevoer om sodoende insig te verkry in hulle besluitnemingsprosesse.

Die resultate het getoon dat die teikenmark vir 'n Afrikaanse HOI uiteenlopend is met talle verskille ten opsigte van geslag, ouderdom, provinsie, werk en klas. Van die mees opmerklike verskille wat ontstaan het was: die kwaliteit van die onderrig, veiligheid, bronne van informasie (bv., die webblad), ope dae, studente raadgewers, brosjures, deelydse studie, onderrig in Afrikaans en die *Facebook*-blad.

Die studie lewer 'n bydrae tot die huidige kennis oor studente se besluitneming deur lig te werp op die keusefaktore en inligtingsbronne van twee nismarkte wat voorheen nie ondersoek is nie – werkende studente wat op 'n hibriede onderrigmodel studeer en studente aan 'n Afrikaanse privaat HOI.

Lizán Maree

Studieleier: Prof Magda Fourie-Malherbe